



# Nollie Stofberg: 'Daarom betaal ek R200 000 vir 'n bul van Huntersvlei'

Die bekende Wes-Kaapse Sussexteler mnr. Nollie Stofberg word deur beperkte grond en baie suurveld gedwing om vertikaal uit te brei. Hy gebruik net die beste teelmateriaal in sy stoetery, wat die een prys ná die ander wen. Hy is een van net 'n handjie vol Sussextelers wat poenskopdiere teel.

**O**m vandag naam te maak in 'n uiters mededingende stoeterybedryf durf 'n teler nie anders as om daarna te streef om net die beste teelmateriaal te teel én te bekom nie.

“Daarmee saam gaan fyn bestuur, soos prestasietoetsing en uitstekende bloedlyne, hand aan hand,” sê mnr. Nollie Stofberg van Swartwalle naby Worcester.

Tot enkele jare gelede was Platdrif, die

Sussexstoetery, wat hy en sy seun Pieter bedryf, nie ver buite die grens van die Wes-Kaap bekend nie. Vandag is hul diere landwyd én in Namibië gesog.

“Omdat landbougrond in die Wes-Kaap beperk en duur is, is ons genoodsaak om hektare te maksimaliseer deur vertikaal pleks van horisontaal uit te brei. Ons kan 75 top-Sussexteeldiere op ons beskikbare grond aanhou. Ons hou by die getal, maar verbeter geneties deur die kudde 'bo' aan te vul met die beste beskikbare diere wat

aan ons kriteria voldoen, asook van ons eie aanteelverse wat volgens ons streng norme gekeur word.” Aan die onderkant word die swakker en ouer diere uitgehaal.

“Ons doelwit is eenvoudig, naamlik om die beste beskikbare teelmateriaal aan die beesbedryf beskikbaar te stel en die beste teeldiere moontlik te verskaf. Ons voeg egter ook waarde tot die bedryf toe deur topstoetdiere aan stoet- en kommersiële telers te verkoop.”

Die sowat 75 vroulike diere wei op na-



**BO:** Mnr. Nollie Stofberg en sy seun Pieter.

**HEEL BO:** In sy strewende om net die beste beskikbare teelmateriaal te gebruik, het mnr. Nollie Stofberg verlede jaar hierdie bul, Huntersvlei Kimberley die 12de, op die nasionale veiling in Bloemfontein teen 'n rekordprys van R200 000 van die Huntersvlei-stoetery gekoop.

## PLAASINLIGTING

**LIGGING:** Worcester, Wes-Kaap

**GROOTTE:** 700 ha (drie plase: Swartwalle, Houmoed en Platdrif)

**EIENAARSKAP:** Maatskappy

**VERTAKKINGS:** Sussex, wyndruiwe, sagtesitrus

**GRONDTIPE:** Hoofsaaklik sandleem

**VELDTIPE:** Natuurlike suurveld: rooigras en mak kweekgras

**GEMIDDELDE REËNVAL:** 700 mm per jaar

## KORTOM

- Topteelmateriaal gee die deurslag vir die veelbekroonde Sussexstoetery Platdrif.
- Mnr. Nollie Stofberg en sy seun Pieter steun sterk op teelmateriaal van die Huntersvlei-stoetery en het verlede jaar die rekordprys van R200 000 vir 'n bul opgedok.
- Platdrif kry breër toegang tot 'n internasionale genepoel deur poenskoppe te teel.



## LEW VRA...

### MNR. NOLLIE STOFBERG

#### WATTER TEGNOLOGIE IS VIR JOU ONONTBEERLIK?

Prestasietoetsing.

#### WIE IS JOU MENTORS?

My pa, wyle mnr. Piet (Tof) Stofberg, my vrou, Malani, en my mede-Sussex-telers.

#### WAT IS JOU MOTTO?

Niks in die lewe is so seker soos verandering nie.

#### WAT IS JOU BESTE BOERDERYBESLUIT?

Om met Sussex in die Wes-Kaap te begin boer. Ek was een van die eerste boere in die provinsie wat dit gedoen het.

#### WAT BESKOU JY AS JOU GROOTSTE GELEENTHEID TOT NOG TOE?

Om daaglik my passie uit te leef in die beesstoetery.



Platdrif Gladator die 32ste, wat tydens die Sussex-kampioenskapsbyeenkoms op Vryburg in 2015 as die senior en grootkampioen-Sussex en die reserwe senior opperste kampioenbees van die skou gekroon is. FOTO: WAYNE SOUTHWOOD



genoeg 400 ha grond. Die Stoffbergs huur weiding naby Caledon waar die jong en vervangingsverse loop.

Verlede jaar het hulle die bekende Sussexbul Huntersvlei Kimberley die 12de by die bekende Sussexstoetery Huntersvlei van wyle mnr. Anthony Evans van Viljoenskroon vir R200 000 gekoop – die hoogste prys tot nog toe in Suid-Afrika.

Huntersvlei is bekend as een van die voorste Sussexstoeterye in Suider-Afrika en van die topbloedlyne, soos dié van Klaus en Victory, word gebruik.

“Ek het oor die jare heelwat diere van dié stoetery gekoop, onder meer Huntersvlei Rapid die 6de,” sê Nollie.

Veral die Klaus- en die befaamde Victory-bloedlyne is baie bekend en vaar uitstekend in Suid-Afrika.

Die Stoffbergs gebruik normaalweg drie teelbulle per jaar. Tans is dié drie teelbulle van Huntersvlei en die Evesar-stoetery van mnr. Chris Nel, ’n bekende Sussexteler van Petrus Steyn.

### TOENEMENDE VRAAG NA POENSKOPPE

“Die laaste vyf jaar het ons heelwat navrae gekry van telers wat poenskopdiere soek. In 2015 het Pieter ’n tyd lank op Huntersvlei gewerk, en daar het hy begin om uitstekende poenskopbloedlyne te identifiseer. Verlede

jaar toe hy teruggekeer het na Platdrif, het hy die eerste tien poenskop-Sussexkoeie daarvandaan ingebring,” sê Nollie.

“Almal weet dit is baie makliker om met poenskopbeeste te werk. Hulle is makliker om te hanteer en dit neem die trauma weg om jong kalwers van een tot twee maande te onthoring.”

Nollie meen ook deur poenskoppe te teel is die internasionaal beskikbare genepoel net soveel groter. “Die Sussex’e is reeds bekend vir hul puik temperament en poenskoppe komplementeer daardie eienskap verder.”

Uitstekende poenskop-bloedlyne word reeds ingespan, soos die Wellington-bloedlyn wat geteel is deur die wêreldbekende Goldstone-stoetery in Brittanje, asook die Captain-bloedlyn van die ewe bekende Mayfield-stoetery.

In 2015 het Nollie en sy vrou, Malani (wat net so ’n geesdriftige Sussexboer is as hy), die Mayfield-stoetery besoek.

“Ons wil nie wegdoen met ons horing-Sussex’e nie, want daar sal altyd ’n vraag na en ’n plek vir hulle wees. Ons wil die verhouding tussen diere met horings en poenskoppe uiteindelik op sowat 70:30 hou. Tans is dit reeds nagenoeg 80:20.”

### HIERVOOR SELEKTEER HULLE

By Platdrif word vir spesifieke kenmerke geselekteer, sê Pieter.

**BO:** ’n Koei en haar kalf in die Platdrif-stoetery. Verse weeg sowat 240 kg met speentyd en bulletjies tot 260 kg.

FOTO: JAN VAN DYK

**BO LINKS:** Huntersvlei Rapid die 6de, een van die stoetbulle wat tans gebruik word. Hy is uit die Klaus-bloedlyn.

“Ons selekteer vir aangepaste medium-raamdiere wat gemiddeld op 18 maande 450 kg (vroulike diere) tot hoogstens 600 kg (bulle) weeg. Die gemiddelde geboortegewig is 36 kg, wat op speenouderdom van 205 dae sowat 240 kg (verse) tot 260 kg (bulle) is.”

Die mediumgroot raamwerk is belangrik. Op marginale suurgrond, soos waarop die beeste in die boerdery aangehou word, sal ’n grootraambees nie aard nie.

“Groot diere vreet meer, en op marginale grond moet hulle meer en verder loop om te wei. Hulle is bloot te swaar vir die soort veld waarop hulle op Platdrif wei.”

Aangesien Sussex’e uitstekend in ’n kruisteelprogram werk, word verder geselekteer vir goeie temperament, ’n sterk erfdwang, vrugbaarheid, vroegrypheid, goeie melkeienskappe en ’n goeie haarkleed.

“Melkproduksie is ’n sterk eienskap by die Sussex as vleisras en ons lê ook sterk klem daarop.”

Sussexbulle word volop gebruik vir ▶



◀ kruisdoeleindes op beesrasse, soos Afrikaners, Bonsmaras, Borans, Nguni's, Senepols en Tuli's, aangesien dit speengewigte, bouvorm en tallie ander eienskappe in dié rasse aanvul en verbeter, sê Nollie.

Sussexkruisings ontsluit veral basterkrag op 'n puik manier in ander rasse.

Om dié seleksiedoelwitte behoorlik na te streef en toe te pas, word sterk op prestasietoetsing en beraamde teelwaarde-indekse (EBV) staatgemaak.

“Ons pas egter aanvullend streng visuele evaluasie toe, want daar moet 'n balans tussen die indekssyfers en voorkoms bestaan,” sê Pieter.

Geregistreerde inspekteurs van die Sussex-telersgenootskap doen gereeld inspeksies en ken die gehalte-SX-brandmerk toe aan diere wat hul inspeksies slaag.

## TEELBELEID GEE VERSE GENOEG HERSTELTYD

Bulle word jaarliks op 15 Mei by die verse geplaas wat die eerste keer gedek moet word, sodat hulle teen April van die volgende jaar kan kalf. Verse wat die eerste keer kalf, kry 'n langer gaping voor hulle hul tweede kalf kry.

“Dit gee die jong koei 'n kans om voluit te ontwikkel tussen haar eerste en tweede kalf. Die ouer koei word eers teen 1 Julie gedek en kalf middel Mei,” sê Nollie.

Die stoetery gebruik hoofsaaklik natuurlike dekking by die gehoringde diere en kunsmatige inseminasie by die poenskop-koeie en -verse.

Met dektyd word die weiding op die plaas in drie tot vier kampe verdeel, elk met 'n teelbul en 25 vroulike diere. Kalwers loop

saam met hul ma's op die natuurlike suurveld tot speentyd in Desember en Januarie. Vanaf Februarie of Maart tot die winter kry hulle byvoeding in die vorm van garsstrooi en 'n onderhoudslek. “Dit vul die droëmateriaal op die veld aan en dien as 'n energie- en proteïenaanvulling.”

Die natuurlike suurveld bestaan grootliks uit rooigras en mak kweekgras, waarop raaien oulandgras en *Eragrostis*-grasse ingesaa word. Ná speen kry die kalwers drie maande lank beeskonsentraatransoene om oor hul speenskok te kom en maksimum groei te behaal. Die jong verse en bulle word in afsonderlike kampe gehou.

Ná drie maande gaan die jong diere terug weiveld toe. Daar bly hulle sodat die bulle afgerond kan word om hulle te verkoop. Die verse bly ook op die veld en word gereed gemaak om op die ouderdom van 24 maande gedek te word.

“Dit is voordelig om jong verse 'n volle twee jaar te gee om te ontwikkel voor hulle gedek word. Verse is dan goed ontwikkel om elkeen 'n gesonde kalf te gee, wat ook in 'n gesonde vers sal ontwikkel.”

Die Stofbergs selekteer verse op 18 maande en die beste verse gaan as vervangingsverse in die kudde. Die res word grootliks aan stoet- en kommersiële telers verkoop.

## ELLELANGE LYS PRESTASIES

Platdrif het al sy stempel afgedruk met 'n lang lys skouprestasies. In 2015 was die senior en raskampioenbul, asook die reserwe opperste kampioenbul tydens die Vryburg-skou, een van Suid-Afrika se grootste vleisbeesskoue, uit dié stoetery afkomstig. Die junior en re-

**BO:** Een van die poenskop-Sussexkoeie en haar kalf. Nollie het verlede jaar begin met die teel van poenskopdiere. Die koei op die foto is verlede jaar as die reserwe senior opperste kampioen koei by die Agri Expo Livestock-beesskou op Sandringham buite Stellenbosch aangewys. FOTO: JAN VAN DYK

**BO LINKS:** Platdrif AJS, een van die stoetery se topbulle. FOTO: JAN VAN DYK

**ONDER:** Jong bulle in die stoetery. Van dié jong bulle word gebruik vir teelbulle, terwyl die res vir teeldoeleindes aan die Sussex-bedryf verkoop word.

serwe-junior kampioenbul het op dieselfde skou óók uit Platdrif se geledere gekom.

Verlede jaar op die Agri Expo Livestock, een van die bekendste beesskoue in Suid-Afrika wat op Sandringham buite Stellenbosch plaasvind, het die reserwe senior opperste kampioen koei – 'n poenskop – uit dié stoetery gekom. Altesame 13 beesrasse het verlede jaar meeding, wat dit 'n puik prestasie maak.

Toe Worcester nog 'n groot beesskou tot in 2014 aangebied het, het Platdrif-Sussex'e gereeld die louere voor die neuse van gedugte teenstanders weggeraap.

Nollie en Pieter bied gereeld hul diere op die nasionale Sussex-veilings aan, vanjaar weer in Bloemfontein op 17 Augustus, asook op die Kuruman-bulveiling – ook in Augustus – en op mnr. Peet Cilliers se veiling in September op Upington. **LBW**

➤ NAVRAE: Mnr. Nollie Stofberg, e-pos: [platdrif@sussexstud.co.za](mailto:platdrif@sussexstud.co.za); Webwerf: [www.platdrifsussex.co.za](http://www.platdrifsussex.co.za); sel 082 834 5979.

